12 SIRIË

Bid vir Sirië

- Bid vir Siriese Christene om in staat te wees om terug te keer na hulle huise, families, gemeenskappe en lewensbestaan, en vir God se volgehoue herstel vir diegene wat reeds teruggekeer het.
- Bid vir Siriese gelowiges om die lig van hoop in Sirië te wees, en troos en wysheid te voorsien aan dié wat ly vanweë trauma of die tekort aan kos en hulpbronne.
- Bid vir die Woord van God om Sirië te vul en dat mense nuwe vreugde, krag en hoop sal vind wanneer hulle daarop fokus.

"Ek sien mans, vroue en kinders wat van hongerte huil. Dit is tragies. Ons kerk het gesien dat dit nou 'n tyd is om by mense te staan, hulle te ondersteun en Jesus se liefde aan hulle te wys in moeilike tye."- Pastoor George

WWL 2021

Totale punte	Druk	Geweld
81%	71%	82%

WIL JY MEER WEET?

Streek
Midde-Ooste

Bevolking
18 924 000

Christelike bevolking
677 000 (3.6%)

Meerderheidsgeloof
Islam

Bronne van vervolging
Islamitiese onderdrukking, Clan-onderdrukking, Diktatoriese paranoia.